
# PIRITEK


BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY
PIRITEK
INSECTICIDE
Reg. No. L10459, Act/Wet No. 36 of/van 1947
Nambian Reg. No. N-AR 2173
1: 29/08/2018
A water dispersible granular contact insecticide for the control of the agricultural pests in the crops as indicated.
'n Waterdispergeerbare korrel kontak insekdoder vir die beheer van landbouplae op die gewasse soos aangedui.
IRAC INSECTICIDE GROUP CODE
1A
IRAC INSEKDODERGROEPKODE
ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL
Pirimicarb (carbamate)
500 g/kg
Pirimikarb (karbamaat)
Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
Reg. No. 2000/010819/07
P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid- Afrika
1 kg
UN Number: 2757
Meridian agritech
HARMFUL / SKADELIK
DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED
Batch Number
Date of manufacture
REFER TO DETAILS AS PRINTED ON CONTAINER / BAG
GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT
Lotnommer
Datum van vervaardiging
VERWYS NA BESONDERHEDE SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK

## WARNINGS

**Withholding periods:**

**Allow the following minimum number of days between application and harvest or feeding:**

Canola……………………………………………………………………………………..…14 days
Potatoes…………………………………………………………………………………...14 days
Stone fruit…………………………………..……………………….………………..….…21 days

IMPORTANT: The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements, but may not meet export requirements. If the treated crop is intended for export, consult the relevant exporting organisation regarding MRL requirements and withholding periods. When this product is applied according to the label recommendations indicated below, the local MRL will not be exceeded. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd T/A Meridian Agritech cannot, however, be held liable for export crops exceeding the import tolerances of other countries.

- Handle concentrate with care.
- Poisonous when absorbed through the skin, if swallowed or if inhaled.
- Toxic to animals and birds.
- Store in a cool, dry place, well-ventilated place away from direct sunlight.
- Store away from food, feed and fertilizers.
- Keep under lock and key in the original, tightly closed container.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Keep livestock and domestic animals out of any treated areas for at least 24 hours.
- **In case of poisoning, call a Doctor and make this label available to him/her.**
- Do not use this product in any way contrary to the directions on this label.
- **PIRITEK** has been tested on the most important commercial cultivars without any phyto toxic effects. More susceptible cultivars may be released in future which need to be tested; for this apply **PIRITEK** to a limited test area before commercial applications are made.
- **Re-entry:** Do not enter treated area within 1 day after application unless wearing protective clothing.
- **Aerial application:** Notify all of the inhabitants of the immediate area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over, or allow spray drift to contaminate, adjacent areas, water or other areas not under treatment.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the pest against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

## PRECAUTIONS

- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing hands and face and changing clothing.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.
- Wear rubber gloves and face shield when handling the concentrate. If you get this product in your eyes, flush it out at once. Flush eyes with plenty of clean water for at least 15 minutes whilst holding eyelids open. Remove contact lenses. If you get the product on your skin, wash off with plenty of non-abrasive soap and water. If you spill this product on your clothes, change and wash them.
- Containers and packages must be completely emptied before being disposed of. Thereafter, rinse the empty container three times with a volume of water equal to a minimum of a third of the container volume. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.
- **Container disposal:** Destroy empty containers by perforating and flattening before disposal by approved chemical waste disposal facility or at a licensed landfill site according to local regulations. If recycling, replace cap and take containers to the designated recycling point. Do NOT contaminate rivers by disposal. Open burning or dumping of the empty container and its contents are prohibited.
- **Never** re-use the empty container for any other purpose.
- While spraying, avoid contact with the spray as much as possible.
- Do not inhale spray mist.

- Avoid contamination of other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean applicator after use. Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes or any other areas not under treatment.
- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.
- Change and wash your work clothes. Wash yourself.

## SYMPTOMS OF HUMAN POISONING

Pirimicarb is a carbamate compound, which inhibits cholinesterase. Symptoms of poisoning would be those that are typical of inhibition of acetyl cholinesterase. Systemic effects may begin within a few minutes or several hours of exposure. Initial symptoms may be nasal hyperaemia, watery discharge, chest discomfort and wheezing. Other symptoms may include nausea, vomiting, diarrhoea, abdominal cramps, headache, vertigo, tightness of the chest, anxiety, ocular pain, ciliary muscle spasm, blurred vision, small pupils or mydriasis, lacrimation, salivation, sweating and confusion.

In severe cases, there may be involuntary defaecation, bradycardia, hypotension, pulmonary oedema, convulsions, coma and death from respiratory failure or cardiac arrest.

## FIRST AID TREATMENT

- **Skin contact:** Wash affected areas thoroughly with soap and cold water immediately, followed by alcohol. Do not rub skin. Remove contaminated clothing and launder before re-use. If irritation persists, seek medical advice. Emergency personnel should wear gloves and avoid contamination. **Seek medical attention.**

- **Eye contact:** If in eyes, hold eyelids open and wash with copious amounts of clean water for at least 15 minutes. Remove contact lenses, if present, after the first 5 minutes, then continue to rinse the eye. **Seek medical attention.**

- **Ingestion: Seek medical attention immediately. Do not induce vomiting**. Never give anything by mouth to an unconscious or convulsing person. If swallowed, rinse mouth thoroughly with water if the patient is alert and able. If the patient is alert and respiration is not depressed, give syrup of Ipecac followed by water or activated charcoal if instructed to do so by a medical practitioner. If vomiting occurs, keep the patients head below their hips to prevent aspiration. Establish and maintain the airway.

- **Inhalation:** Remove affected person to fresh air, keep the patient calm, warm and at rest. If breathing is difficult, give oxygen. Administration of oxygen must be applied by a qualified person. If breathing stops, call an ambulance and apply artificial respiration. **Seek medical attention immediately.**

## NOTE TO PHYSICIAN

Induce vomiting, followed by gastric lavage. Atropine is an antidote and should be given immediately, intramuscularly at a level of 1 – 4 mg and then 2 mg at 30 minute intervals. The patient must be kept fully atropinised. Do not administer PAM or PPS. Oxygen and artificial respiration may be required. No sedative should be administered.

## MODE OF ACTION

Pirimicarb is a cholinesterase inhibitor. It is a selective systemic insecticide with contact, stomach, and respiratory action. Pirimicarb is absorbed by the roots, and translocated through the xylem. Pirimicarb penetrates the leaves, but is not translocated extensively.

## RESISTANCE WARNING

For resistance management, **PIRITEK** is a group code 1A insecticide. Any insect population may contain individuals naturally resistant to **PIRITEK** and other group code 1A insecticides. The resistant individuals can eventually dominate the insect population if these insecticides are used repeatedly. These resistant insects may not be controlled by **PIRITEK** or any other group code 1A insecticide.

**To delay insecticide resistance:**

- Avoid exclusive repeated use of insecticides from the same insecticide group code. Alternate, or tank mix with, registered products from different insecticide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into insect control programmes.
- The choice of products to be used during one growing season should take the resistance strategy into consideration.

Since the occurrence of resistance cannot be forecast, users are advised to keep treated crops under close observation. If treatment is not effective following the use of **PIRITEK** as recommended, a resistant population may be present. If a resistant population is positively identified, consideration should be given to prompt use of an insecticide with a different mode of action for which there is no record of resistance to the relevant pest. For specific information on resistance management, contact the registration holder of this product. Meridian Agrochemical Company T/A Meridian Agritech cannot accept responsibility for any losses that may result from failure to control pests resistant to **PIRITEK**.

## DIRECTIONS FOR USE

**Use only as directed.**

**COMPATIBILITY**

The compatibility of **PIRITEK** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time, it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. Do not make tank mixtures with other agricultural remedies or foliar feed products without first ensuring that no crop damage or reduction in efficacy will result.
When mixing **PIRITEK** with other products, all **WARNINGS, PRECAUTIONS** and **DIRECTIONS OF USE** appearing on that particular label must be adhered to.
Add a suitable adjuvant at the recommended label rates if necessary.

## MIXING INSTRUCTIONS

a) Fill the spray tank with clean water to just below the total volume required.
b) Make up a slurry of **PIRITEK** to be added to the tank in a suitable container, ensuring that all of the chemical has dispersed.
c) Add the mixture to the water in the spray tank while stirring.
d) Fill the spray tank with clean water to the required level whilst maintaining agitation, in order to ensure thorough mixing.

**Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank overnight.** Do not use brackish water. Application equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.

**NOTE:**

- **PIRITEK** does not affect most of the natural enemies that attack Aphids on crops.
- Where the crop foliage is dense, ensure that the spray also penetrates to the lower parts of the plant.

**Aerial application**

Aerial application may only be done by a registered aerial application operator using a registered and correctly calibrated aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies). It is important to ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria are met:

**Equipment**

- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage of the target area and will ensure minimum loss of product through drift.
- The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- All nozzles and atomisers should be positioned within the inner 60-75% of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.

**Application Parameters**

- A droplet spectrum with a VMD of 250 – 280 microns is recommended. Ensure that the production of fine droplets, with a VMD of less than 150 microns, is restricted to a minimum.

- The height of the spray boom should be maintained at 3 - 4m above the target.
- Do not spray when the aircraft is in a climb, at the top of a turn or during a dive or when banking.
- A minimum volume of 30 ℓ spray mixture per ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy nor be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended.
- A minimum droplet coverage of 30 – 40 droplets per sq. cm must be recovered at the target.

**Meteorological Conditions**
- The difference between the wet and dry bulb readings as determined by a whirling hygrometer must not exceed 8 ºC.
- Do not spray under turbulent, unstable conditions or during the heat of the day when rising thermals and downdraughts occur.
- Do not spray under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80% and above). As this may lead to:
    a) Reduced efficacy due to inadequate coverage due to suspension and evaporation of small droplets in the air.
    b) Damage to sensitive crops and non-target areas due to drifting of the suspended spray cloud away from the area under treatment.
- Do not spray when the wind speed exceeds 15 km per hour.

**General**
- Ensure that fields are accurately marked and that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that the relevant data will be kept for future reference.

## RECOMMENDATIONS

| CROP / PEST | APPLICATION RATE | REMARKS |
|---|---|---|
| **CANOLA**<br><br>**Cabbage aphid**<br>(*Brevicoryne brassicae*)<br><br>**Green peach aphid**<br>(*Myzus persicae*) | 500 g – 1 kg / ha | Apply when aphids first appear using 30 to 100 ℓ water / ha (ground application) or 30 to 50 ℓ water / ha (aerial application). Use higher rate if the temperature is below 20 °C. Add a suitable adjuvant. |
| **POTATOES**<br>**Aphids** | 500 g / ha | Apply in 500 ℓ water. Ensure thorough coverage. |
| **STONE FRUIT**<br>(Includes Peaches, Apricots, Cherries, nectarines and Plums)<br><br>**Green peach aphid**<br>(*Myzus persicae*) | 50 g / 100 ℓ water | Ensure thorough coverage. Repeat application if re-infestation occurs. Black Peach aphid (*Brachycaudus persicae*) will also be controlled if present. |

## WAARSKUWINGS

**Onthoudingsperiode:**

**Laat die volgende minimum aantal dae toe tussen laaste toediening en oes of beweiding:**

Canola……………………………………………………………………………………...14 dae
Aartappels…………………………………………………………………………………14 dae
Steenvrugte………………………………….………………………….…………………….21 dae

BELANGRIK: Die aanbevole onthoudingsperiode tussen laaste toediening en oes voldoen aan die vereistes van plaaslike residuvlakke, maar mag nie aan uitvoervereistes voldoen nie. Indien behandelde gewasse uitgevoer gaan word, kontak die betrokke uitvoerbeheerliggaam rakende die minimum residuvlakke (MRL) en onthoudingsperiodes. Indien die produk toegedien word volgens die etiketaanbevelings soos hieronder aangedui, sal die plaaslike MRL nie oorskry word nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk H/A Meridian Agritech kan egter nie aanspreeklik gehou word vir uitvoergewasse wat die toelaatbare invoertoleransies van ander lande oorskry nie.

- Hanteer konsentraat met sorg.
- Giftig indien deur vel geabsorbeer, ingesluk of ingeasem word.
- Giftig vir diere en voëls.
- Bêre in ‘n koel, droë, goed geventileerde area, weg van direkte sonlig.
- Bêre weg van voedsel, voer en kunsmis.
- Bêre agter slot-en-grendel in die oorspronklike digsluitende houer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte mense en diere.
- Hou vee en huisdiere vir ten minste 24 uur weg van die behandelde gebiede.
- **In geval van vergiftiging, kontak ‘n Dokter en wys hierdie etiket aan hom/haar.**
- Moenie hierdie produk op enige manier wat teenstrydig is met die etiketaanwysings gebruik nie.
- **PIRITEK** is sonder enige fitotoksisiteitskade op die mees belangrike kommersiële kultivars getoets. Meer vatbare kultivars mag in die toekoms vrygestel word en dan moet **PIRITEK** eers op klein skaal getoets word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.
- **Herbetreding**: Moenie behandelde gebied binne 1 dag betree, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **Lugtoediening**: Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat gespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie oor water toedien of toelaat dat die spuitnewel wegdryf en gebiede besoedel wat nie behandel word nie.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder ’n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plae teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige invloede op mens of dier of vir ’n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMAATREËLS

- Moenie eet, drink of rook tydens die vermenging en toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is en skoon klere aangetrek is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Dra rubberhandskoene en gesigmasker wanneer die konsentraat hanteer word. Indien van die produk in oë beland, spoel onmiddellik uit. Spoel oë met skoon water vir ten minste 15 minute terwyl ooglede oopgehou word. Verwyder kontaklense. Indien produk op vel beland, was met genoegsame nie-skurende seep en water. Indien produk op klere beland, trek klere uit en was dit.
- Houers en verpakking moet heeltemal leeg wees voordat daarvan ontslae geraak word.
- Spoel die leë houer daarna **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van een derde van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe manier vernietig word.
- **Ontslae raak van houers**: Vernietig leë houers deur gate daarin te maak en dit plat te maak en vernietig dit volgens die plaaslike riglyne, verkieslik deur ‘n goedgekeurde chemiese afvalverwyderings- of verbrandingsfasiliteit of stortingsterrein. Indien herwin word, plaas prop terug

en laai die houers by die aanbevole herwinningspunt af. MOENIE riviere met afvalhouers besoedel nie. Die verbranding of weggooi van die leë houers of produk word verbied.

- **Moenie** leë houers vir enige ander doel gebruik nie.
- Tydens bespuiting moet kontak met die spuitnewel so veel as moontlik vermy word.
- Moenie spuitnewel inasem nie.
- Vermy besoedeling van ander gewasse, weidings, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Maak alle toerusting deeglik na gebruik skoon en gooi spoelwater uit waar dit nie gewasse, weidings, riviere, damme, boorgate of ander gebiede wat nie onder behandeling is, sal besoedel nie.
- Moet nie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.
- Trek skoon klere aan en was jou werkklere en jouself.

## SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING

Pirimikarb is 'n karbamaatsamestelling wat cholienesterase inhibeer. Simptome van vergiftiging is tipies van dié wat asetielcholienesterase inhibeer. Sistemiese effek mag binne minute of na verskeie ure van blootstelling begin. Die aanvanklike simptome mag nasale hiperemie, waterige uitskeiding, ongemak in bors en kortasem wees. Ander simptome mag naarheid, braking, diarree, maagkrampe, hoofpyn, duiseligheid, borsbenoudheid, angstigheid, oogpyn, ooghaarspier-spasma, versteurde visie, klein pupille of midriase, tranerigheid, speekselafskeiding, sweet en verwarring wees.

In erge gevalle mag onwillekeurige ontlasting, hartvertraging, hipotensie, longedeem, stuiptrekkings, koma of dood a.g.v. longversaking of hartaanval.

## NOODHULPBEHANDELING

- **Velkontak:** Was onmiddellik geaffekteerde dele deeglik met met seep en koue water. Was dan met alkohol. Moenie vel vryf nie. Verwyder besoedelde klere en was voordat dit weer gedra word. Indien irritasie voortduur, verkry mediese hulp. Noodhulppersoneel moet handskoene dra om kontaminasie te vermy. **Kry mediese hulp.**

- **Oogkontak:** Indien in oë, hou ooglede oop en was met groot hoeveelhede skoon water vir ten minste 15 minute. Indien teenwoordig, verwyde kontaklense na die eerste 5 minute en gaan voort om oë te spoel. **Kry mediese hulp.**

- **Ingesluk: Verkry onmiddellik mediese hulp. Moenie braking induseer nie.** Moenie iets mondelings vir 'n bewustelose of stuiptrekkende persoon ingee nie. Indien ingesluk, spoel mond deeglik indien die persoon in staat is en by bewussyn is. Indien persoon by bewussyn is en asemhaling is nie onderdruk nie, gee vir persoon braakwortelstroop gevolg met water of geaktiveerde koolstof; in opdrag van die geneesheer. Indien braking geskied, hou die pasiënt se kop laer as die heupe om aspirasie te verhoed. Hou die lugweë oop.

- **Inaseming:** Verwyder die geaffekteerde persoon na varslug. Hou pasiënt kalm, warm en rustig. Indien asemhaling moeilik is, dien suurstof toe. Die toediening van suurstof moet deur 'n gekwalifiseerde persoon gedoen word. Indien asemhaling ophou, bel vir 'n ambulans en pas kunsmatige asemhaling toe. **Kry onmiddellik mediese hulp.**

## NOTA AAN GENEESHEER

Induseer braking, opgevolg met maagspoeling. Atropien is 'n teenmiddel en moet onmiddellik binnespiers teen 1 – 4 mg en dan 2 mg teen 30 minuutintervalle toegedien word. Die pasiënt moet ten volle geatropiniseerd gehou word. Moenie PAM of PPS toedien nie. Suurstof en kunsmatige asemhaling mag nodig wees. Geen kalmeermiddel mag toegedien word nie.

## METODE VAN WERKING

Pirimikarb is 'n cholienesterase inhibeerder. Dit is 'n selektiewe sistemiese insekdoder met 'n kontak, maag en respiratoriese werking. Pirimikarb word deur die wortels geabsorbeer en deur die xileem getranslokeer. Pirimikarb penetreer die blare, maar word nie wyd getranslokeer nie.

## WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur is **PIRITEK** 'n groepkode 1A insekdoder. Enige insekpopulasie mag individue bevat wat ‘n natuurlike weerstand teen **PIRITEK** of enige ander groepkode 1A insekdoder het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die insekpopulasie oorheers as hierdie insekdoder herhaaldelik aangewend word. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **PIRITEK** of enige ander groepkode 1A insekdoder beheer word nie.

**Om weerstand teen swamdoders te vertraag:**

- Vermy die eksklusiewe en herhaaldelike gebruik van insekdoders in dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende insekdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoderprogramme.
- Die produkkeuses wat gedurende ‘n groeiseisoen gebruik gaan word, moet die weerstandstrategie in ag neem.

Aangesien die voorkoms van weerstand nie voorspel kan word nie, word gebruikers aangeraai om behandelde gewasse noukeurig dop te hou. Indien die behandeling met **PIRITEK** soos aanbeveel nie doeltreffend was nie, mag ‘n weerstandbiedende populasie teenwoordig wees. Indien ‘n weerstandbiedende populasie positief geïdentifiseer word, moet daar onmiddellik oorweging geskenk word aan die gebruik van ‘n insekdoder met ‘n ander metode van werking, waarvan daar geen rekord van weerstand teen die betrokke plaag is nie. Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. h/a Merdian Agritech kan nie aanspreeklikheid aanvaar vir enige verliese wat mag ontstaan a.g.v. die verlies aan beheer van plae wat weerstandbiedend teen **PIRITEK** is nie.

## GEBRUIKSAANWYSING

**Gebruik slegs soos aangedui.**

### VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **PIRITEK** met ander produkte sal van die formulerings van die onderskeie produkte afhang, asook van die kwaliteit van die verdunningswater wat gebruik word. Soos formulerings van tyd tot tyd verander, is dit raadsaam om eers ‘n fisiese verenigbaarheidstoets te doen, voordat tenkmengsels gemaak word. Moenie tenkmengsels met ander landbou plaagmiddels of blaarvoedingsprodukte maak alvorens seker gemaak is dat geen gewasskade of verlaging in effektiwiteit sal voorkom nie.
Wanneer **PIRITEK** met ander produkte gemeng word, verseker dat alle **WAARSKUWINGS, VOORSORGMAATREËLS** en **GEBRUIKSAANWYSINGS** wat op daardie spesifieke etiket verskyn, nagekom is. Indien nodig kan ‘n geskikte byvoegmiddel teen die aanbevole etiketdosis bygevoeg word.

## MENGINSTRUKSIES

a) Maak die spuittenk met skoon water tot net onder die verlangde hoeveelheid vol.
b) Maak ‘n flodder van die hoeveelheid **PIRITEK** wat in die tenk moet ingaan in ‘n geskikte houer aan en verseker dat al die chemikalieë opgelos het.
c) Voeg die mengsel by die water in die spuittenk terwyl roering plaasvind.
d) Maak die spuittenk met skoon water tot by die verlangde volume vol terwyl roering voortdurend plaasvind om deeglike vermenging te verseker.

**Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk oornag te staan nie.** Moenie brakwater gebruik nie. Spuittoerusting moet deeglik aan die einde van die spuitproses uitgespoel word.

## NOTA:

- **PIRITEK** affekteer nie die meeste van die natuurlike vyande wat plantluise op gewasse aanval nie.
- Waar die gewas se blare baie dig is, verseker dat die spuitmengsel ook die laer plantgedeeltes penetreer.

### Lugtoediening

Lugtoediening mag slegs deur ‘n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met ‘n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea

versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot ‘n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

**Toerusting**

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die operateur moet ‘n spuitkopstelsel opstel wat ‘n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe spanwydte sal produseer.
- Al die spuitkoppe en atomiseerders moet in die binneste 60-75% van die vlerkspan geplaas word om te verhoed dat die die druppels binne-in die vlerkvorteks inbeweeg.

**Toedieningsparameters**

- ‘n Druppelspektrum met ‘n VMD van 250 - 280 mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels, kleiner as 150 mikron, tot ‘n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet tussen 3 en 4 meter bokant die teiken gehandhaaf word.
- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig besig is om te klim, te draai, te duik, of terwyl dit uitklim nie.
- ‘n Minimum volume van 30 ℓ spuitmengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen ‘n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien hierdie produk teen ‘n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- ‘n Druppelbedekking van 30 - 40 druppels per vierkante cm moet op die teikenarea herwin word.

**Meteorologiese toestande**

- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met ‘n swaaihigrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie.
- Moenie tydens turbulente, onstabiele toestande, of gedurende die hitte van die dag wanneer stygende en dalende konveksie-windbewegings plaasvind, toedien nie.
- Moenie tydens temperatuur-inversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit) en/of gedurende hoë humiditeitstoestande (80% relatiewe humiditeit en hoër) toedien nie, aangesien dit kan lei tot:
    a) Verlaagde effektiwiteit a.g.v. suspensie of verdamping van klein druppels in die lug wat tot onvoldoende bedekking op teikenarea lei.
    b) Skade aan ander sensitiewe gewasse en/of nie-teikenareas deur wegdrywing van die spuitwolk vanaf die teikenarea.

- Moet nie spuit wanneer die windspoed 15 km per uur oorskry nie.

**Algemeen**

- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is en dat die spuitoperateur presies weet watter lande gespuit moet word.
- Verkry versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat die relevante data in ‘n logboek vir toekomstige verwysing opgeteken sal word.

**AANBEVELINGS**

| GEWAS/PLAAG | DOSIS | OPMERKING |
|---|---|---|
| **KANOLA**<br><br>**Koolluis**<br>(*Brevicoryne brassicae*)<br><br>**Groen perskeluis**<br>(*Myzus persicae*) | 500 g – 1 kg / ha | Dien toe sodra eerste plantluise verskyn in 30 tot 100 ℓ water / ha (grondtoediening) of 30 tot 50 ℓ water / ha (lugtoediening). Gebruik die hoër dosis indien die temperature onder 20 °C is. Voeg ‘n geskikte benatter by. |
| **AARTAPPELS**<br>**Plantluise** | 500 g / ha | Dien toe in 500 ℓ water. Verseker deeglike bedekking. |
| **STEENVRUGTE**<br>(insluitend perskes, appelkose, kersies, nektariens en pruime)<br><br>**Groen perskeluis**<br>(*Myzus persicae*) | 50 g / 100 ℓ water | Verseker deeglike bedekking. Herhaal toediening indien her-infestasie geskied. Swart perskeluis (*Brachycaudus persicae*), indien teenwoordig, sal ook beheer word. |